Die Voortrekkers

Transvaal Omsendbrief

Augustus 2021

houKOERS!

transvaal.voortrekkers.co.za

30 Augustus 2021

Beste voortrekkervriende,

1. Gebiedsleier
(Sirkel – Skakel)

Ons is by nog ‘n jaar van uitdagings. Ons deel in hartseer en verliese wanneer ons geliefdes, familie en vriende aan die dood afstaan. Dog kan ons ook deel in groot dankbaarheid, liefde en gesondheid.

Ongeag COVID-19 en die daaglikse uitdagings staan ons aan die begin van ‘n opwindende nuwe fase in die geskiedenis van Transvaal Voortrekkers. Al vier (4) ons oorde is gereed om die eerste stappe tot ontwikkeling van volwaardige gebiede te neem. Voortaan sal ons oorde bekend staan as “oorgangsgebiede”. Elke oorgangsgebied funksioneer steeds op die oordbestuursvlak binne die Voortrekkers, maar met meer en gedeelde verantwoordelikheid soos ooreengekom met die gebiedsdagbestuur van Transvaal. Een van hierdie aksies is dat elke oorgangsgebied hul eie jaarprogram vir 2022 sal opstel en saam met die Transvaal gebiedsbestuur sal bestuur. Transvaal Gebiedsdagbestuur is steeds aan die stuur van Transvaal se gebiedskampe, terreine, gebiedskantoor en nasionale prosesse. Ons sien uit daarna om ons gebiedskampe aan te bied gedurende die komende Oktober vakansie. Ons begin ook reeds beplan aan die Transvaal Voriesaamtrek in 2022.

Baie dankie aan elke span en kommando wat deelgeneem het aan die 90 jaar fees projekte. Die verskillende 90-aksies was kreatief en interessant en Facebook getuig van die pret en diensbaarheid daarmee saam. Dankie dat jul ook op hierdie manier die voortrekkers se flam steeds brandend hou binne ons lede en gemeenskappe se harte.

2. Administrasie
(Stadige verkeer)

2.1 2022 Gebiedsjaarprogram

Neem asseblief kennis dat vanaf 2022 daar vyf (5) jaarprogramme gaan wees.
Die Transvaal gebiedsjaarprogram sal die volgende datums verskaf: Die gebiedsdagbestuur en gebiedsbestuursvergaderings, gebiedskampdatums en alle komitee datums, waar nodig. Kennisgewings wat via die Transvaal webblad uitgestuur sal word sal die gebiedskampe en gebiedsaktiwiteite waarna reeds verwys is insluit.
Die verskillende jaarprogramme sal eersdaags versprei word.

Elke oorgangsgebied (oord) sal op hulle eie jaarprogramme voorsiening maak vir hulle oorddagbestuur en oordbestuurvergaderings, GGA/GGN dae wat deur elke oorgangsgebied aangebied sal word. Elke oorgangsgebied sal ook sy eie GGA/GGN dae bemark.

2.2 SAS2

Goeienuus is ontvang dat verskeie verslae en skakels eersdaags beskikbaar sal wees.
Die aksie word afgeskop op Woensdag 1 September 2021 met gesprek en leiding aan die oordsekretarisse.

Dit is egter belangrik om op die volgende te let: Vir alle kommandowerk - **Gebruik die kommando- profiel om in te teken.** (Nie jou eie profiel). Gebruik gerus die volgende skakel https://sas2.voortrekkers.co.za/workgroups/group/83/disk/path/ vir die SAS2 handleidings wat beskikbaar is.

Alle oorgangsgebiede (oorde) sal vanaf 2022 self navrae hanteer insake SAS2. Kontak gerus jou oordsekretaris vir die nodige hulp:

- Oosvaal: Ina Gericke - admoosvaal@gmail.com
- Oosterlijn: Mauritz Meiring - admin@oosterlijn.voortrekkers.co.za
- Bergenbos: Mona du Plessis - admin@bergenbos.voortrekkers.co.za
- Leeuwenveld: Willem Scholtz- admin@leeuwenveld.voortrekkers.co.za

2.3 2021 Kommando en oordjaarverlae

Alle kommando en oordjaarverslae van hierdie jaar, 2021, sal in 2022 nog steeds ontvang en geprosesseer word deur Transvaal Voortrekkers.
Die skakel vir die kommandojaarverslae is beskikbaar op Transvaal webblad:
https://transvaal.voortrekkers.co.za/kommandojaarverslag/

2.4 Administrasie en SAS navrae / kommunikasie

Enige navrae rakende Transvaal voortrekker administrasie en SAS-sake moet asseblief gerig word aan admin@transvaal.voortrekkers.co.za. Die navrae sal dan na die korrekte persone gekanaliseer word. Transvaal Administrasie WhatsApp-groep (Tvl. AKL Admin) sal tot 2023 behulpsaam wees met die beantwoording van enige SAS en administrasie navrae.

3. Finansies en Terreine

(Terreine & Fondse)

3.1 Ledegelde

Baie dankie aan die Kommando's wat reeds hulle ledegelde vir 2021 oorbetaal het.

Ledegeld vir 2022 sal eers na die Hoofbestuursvergadering bekend gemaak kan word.

Neem asseblief kennis dat alle 2022 PV kandidate se ledegelde moet teen 31 Maart 2022 oorbetaal wees om aan die PV proses te kan deelneem.

4. Bemarking
(Groei)

4.1 90-jaar Voortrekkerfees

COVID-19 het alle pogings gefnuik om vanjaar groot te gaan met ‘n reuse fees by die Voortrekkermonument. Die meeste feeste is uitgestel en/of gekanselleer.

Daar gaan geen hooffees of konsert aangebied word by die Voortrekkermonument nie.
Die Hoofdagbestuur het bevestig dat die konsert opgeneem sal word en dan uitgesaai word op 30 September 2021. Korrespondensie insake die verkoop van konsertkaartjies sal binnekort versprei word. Elkeen sal dan die konsert kan geniet in die gerief van hulle eie huise.

Oosterlijn se potjiekoskompetisie vir hulle kommando’s gaan by elke kommando voort terwyl die virtuele wawiel-instoot moontlik sal plaasvind by die Voortrekkermonument op Saterdag 11 September 2021.

Die Hoofbestuur reël ‘n gedenkdiens in die Voortrekkermonument vir ons Voortrekker offisiere en jeuglede, legendes, ouers, familie en vriende wat die afgelope twee jaar aan Covid-19 of onder tragiese omstandighede gesterf het. Vanaf die Hoofbeskermheer tot elke gebied, kampbesture, kommando’s tot jeuglede is hierdeur geraak. Daar was nog nooit so tyd in die geskiedenis waar so baie Voortrekkers in so kort tyd gesterf het nie. Terselfdertyd wil ons die Here dank vir elkeen wat siek geword, maar oorleef het.

Die Hoofbestuur nooi alle naasbestaandes van Covid-slagoffers, ouers en gesinne, asook Voortrekkers om die gedenkdiens by te woon

Die diens begin Sondag 12 September 2021 om 7:30 met voorsang in die heldesaal van die Voortrekkermonument. Alle Voortrekkers trek formele drag aan.

Bevestig asb bywoning en aantal persone wat bywoon by hoofkantoor@voortrekkers.co.za voor óf op 9 September 2021.

4.2 ARISS

ARISS gaan aangebied word op 24 September 2021. Oosvaal se oordleier, Gerhard Gericke, sal mettertyd meer besonderhede verskaf.

4.3 KANSA Shavaton

KANSA is ook vanjaar 90 jaar oud! Daar was ‘n baie suksesvolle projek van stapel gestuur te wete: “Voortrekkers Gaan Groot vir KANSA”

'n Groot tjek sal oorhandig word aan KANSA tydens die September 2021 Hoofbestuursvergadering. Die Voortrekkers het ongeveer tweehonderd duisend rand (R200 000.00) ingesamel tydens die onderskeie Shavathon aksies vanjaar en wil ons 'n groot geleentheid daarvan maak in terme van blootstelling.

5. Gebiedskampe; GGA en GGN Aktiwiteite

Spanbyeenkomste, spankampe, GGA/GGN dae asook gebiedskampe kan wel met die nodige omsigtigheid, geniet word. Gebruik asseblief julle gesigmaskers en handreiniger en volg die COVID-19 protokol.

Die wetgewing met betrekking tot massa byeenkomste is nie die enigste aspek wat in gedagte gehou moet word nie. Die Voortrekkers het ‘n verantwoordelikheid teenoor ons land, volk en medemens om die verspreiding van die virus te stop en infeksies te verminder.

Ons eerste prioriteit is die veiligheid van Voortrekkers op ons kampe en tydens ons aktiwiteite.

6. Penkop en drawwertjie sake

(Leer speel-speel)

6.1 GGA/GGN

Sekere 2021 GGA/GGN datums was aangeskuif as gevolg van COVID-19 en baie suksesvol aangebied.

Daar is nog GGA/GGN dae wat nog gaan plaasvind en dit word op die jaarprogram aangedui. Kennisgewings word ook oor veranderings uitgestuur.

Alle 2022 GGA/GGN aansoeke en bemarking van die GGA/GGN dae sal deur die onderskeie oorgangsgebied (oorde) hanteer word. Kontak gerus die volgende persone:

- Oosvaal: Gerhard Gericke - suiderligvories@gmail.com
- Oosterlijn: Erna Louw – ernavories@gmail.com
- Bergenbos: Anine Wheeler - anine1711@gmail.com
- Leeuwenveld: Mariska Combrink – Mariskac@gmail.com

6.2 Transvaal 2021 Voorslagkamp

Die Transvaal voorslagkamp datum is verskuif na 22-24 Oktober 2021.

Die sluitingsdatum vir inskrywings as gevolg van die aangepaste kampdatum was 25 Augustus 2021 en verdere korrespondensie sal na die kommando's uitgestuur word.

COVID-19 bly 'n uitdaging, maar hoop ons dat ons die beste geleenthede vir die jeuglede sal kan bied.

6.3 Penkop en Drawwertjie inligting

Enige navrae rakende PD-sake moet asseblief gerig word aan Christelle Pienaar by die gebiedskantoor kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za en sy sal die navrae na die korrekte persone kanaliseer.

7. Verkennersake

(Produk in wording)

7.1 Presidentsverkenners 2021

Baie geluk aan elke Verkenner wat in 2021 aan die Presidentsverkennerproses deelgeneem het! Die jaar het sy eie uitdagings gehad en hierdie is werklik 'n prestasie om op trots te wees.

In totaal het Transvaal vanjaar twee-en-negentig (92) Verkenners wat die Presidentsverkennertoekenning ontvang en nege (9) Verkenners wat die Bobaassertifikaat ontvang.

Daar is geen Transvaal PV-Galafunksie nie. Alle oorhandigings van toekennings word deur die betrokke oorgangsgebied (oord) bepaal. Die onderskeie oorgangsgebiede (oorde) kan gekontak word vir reëlings in hierdie verband.

7.2 Presidentsverkennerproses 2022

Dit is amper weer tyd vir die Presidentsverkennerproses 2022 om af te skop.

Let asseblief na die volgende belangrike punte:

1) Die PV Prospektus 2022 is beskikbaar in die Biblioteek op voortrekkers.co.za. Let daarop dat die Prospektus 2022 reeds aangepas is met vergunnings om die uitdagings van COVID-19 aan te spreek.
2) Die COVID-19 kenteken word steeds vir die PV-proses 2022 erken as 'n Burgerskap kenteken indien dit in 2020 verwerf was.
3) Inskrywings word vanjaar deur die betrokke oorgangsgebied (oord) hanteer. Inskrywings

kan elektronies (per e-pos) of uitgedruk (papier) ingedien word. Die volgende reëlings in hierdie verband:

a. Alle uitgedrukte (papier) inskrywings moet by die Transvaal Gebiedskantoor ingedien word.
b. Alle elektroniese (e-pos) inskrywings moet by die betrokke oorgangsgebied ingedien word by die volgende e-posadres:
    - Oosvaal: pv@oosvaal.voortrekkers.co.za
    - Oosterlijn: pv@oosterlijn.voortrekkers.co.za
    - Bergenbos: pv@bergenbos.voortrekkers.co.za
    - Leeuwenveld: pv@leeuwenveld.voortrekkers.co.za
c. Inskrywings sluit op 30 November 2021 soos per die PV Prospektus 2022.

Baie dankie vir elke kommando se flukse samewerking om die Presidentsverkennerproses elke jaar suksesvol af te handel.

7.3 Gebiedskomitee: Verkennersake

In lyn met die herstruktuering van Gebied Transvaal is die Gebiedskomitee: Verkennersake reeds hard aan die werk om die nodige veranderinge te implimenteer. Alle navrae in verband met Verkennersake word in die toekoms deur die betrokke oorgangsgebied (oord) se komiteelid hanteer:

- Oosvaal: Louis Keyser (lkeyser@mweb.co.za)
- Oosterlijn: Lizelle le Roux (lizelle.leroux@nwu.ac.za)
- Bergenbos: Esther Visser (esther.visser@up.ac.za)
- Leeuwenveld: Willem Scholtz (willemj.scholtz@gmail.com)

Baie dankie aan die komiteelede en die oorgangsgebiede (oorde) vir die harde werk om die pad vorentoe saam te bou.

8. Staatmakers

(Apart maar Saam)

8.1 GSR-verkiesing 2021/2023

Die tyd het aangebreek vir die verkiesing van die nuwe GSR vir 2021/2023. Die verkiesingsproses sal tussen 26 Augustus en 2 Oktober 2021 plaasvind met die groepbestuursverkiesings wat daarna 'n aanvang neem. Die GSR van Transvaal sal vir 2021/2023 as volg saamgestel word:

Die Gebiedskakeldraer (GSD) wat 'n Staatmaker vanuit Transvaal is wat verkies word deur 'n nominasie- en verkiesingsproses. Enige geregistreerde en opbetaalde Staatmaker

van Transvaal (gedurende 2021) kan genomineer word en elke 2021 geregistreerde en opbetaalde Staatmaker in Transvaal het stemreg.

Die adjunk-gebiedskakeldraers sal nie op gebiedsvlak verkies word nie maar die portefeuljes sal deur die verteenwoordigers van die onderskeie oorgangsgebiede, Bergenbos, Leeuwenveld, Oosterlijn en Oosvaal gevul word. Hierdie verteenwoordigers word verkies/geïdentifiseer soos deur die onderskeie oorddagbesture bepaal. Slegs geregistreerde en opbetaalde Staatmakers (vir 2021) van die oorgangsgebiede kan hul betrokke oorgangsgebied verteenwoordig.

8.2 90P90

Dankie aan elke Staatmaker wat ons as GSR gehelp het om 90 gemeenskapsprojekte te doen ter viering van Die Voortrekkers se 90-ste verjaardag! Sonder julle hulp sou dit nie moontlik wees nie!

8.3 Staatmakeraktiwiteite vir die res van 2021

Verskeie Staatmakers van Transvaal woon die Nasionale Staatmakersaamtrek by op Doornkloof vanaf 3-5 September 2021. 'n Afsluitingsaksie vir Staatmakers in Transvaal word ook beplan aan die einde van Oktober 2021. Verder is verskeie Staatmakers betrokke by kampe, kommando's en oorde se aktiwiteite.

Dankie vir julle bereidwilligheid om ook die aktiwiteite te ondersteun en daar diens te lewer. Veilig reis en geniet dit!

9. Volwasse sake

(Oplei en toerus)

9.1 Voriesaamtrek 2022

Transvaal Voriesaamtrek 2022 gaan gehou word. Merk solank 21-23 Januarie 2022 in julle kalenders – dit is die naweek wanneer ons weer lekker saam gaan kuier op Hartbeesfontein vir ons jaarlikse Voriesaamtrek. Meer inligting volg.

9.2 Volwasse Opleidingsnaweek

‘n Nasionale Volwasse Opleidingsnaweek word aangebied gedurende die naweek van 19-21 November 2021 op Udolpho Rivierplaas (FAK Oord). Verskeie kursusse soos Aanbiedingsvaardighede, Kulturele Leierskap en ander opleidingsgeleenthede gaan plaasvind. Meer inligting word binnekort versprei.

9.3 Wat Is Nuut?

Dinge verander so vinnig, en ons lede is so kreatief dat ons nie aldag kan kophou nie. Gaan loer asseblief op die volgende twee webblaaie vir al die aktiwiteite wat aangebied word:

- Transvaal se webblad by https://transvaal.voortrekkers.co.za/
- Voortrekkers se webblad by https://voortrekkers.co.za/nuus/

Voortrekkergroete,

Zandra Machin – Gebiedsleier (082 923 5611 - gebiedsleier@transvaal.voortrekkers.co.za)
Elsa Schnetler – AGL Administrasie (082 707 2010 - admin@transvaal.voortrekkers.co.za / elsies1@afrihost.co.za)
Anita Bezuidenhout – AGL Finansies en Terreine (082 451 1549 - anita.bezuidenhout@vodamail.co.za)
Riaan du Preez – AGL Bemarking (076 412 8811 - riaandupreez360@gmail.com)
Anine Wheeler – AGL Penkoppe en Drawwertjies (082 459 7157 – anine1711@gmail.com)
Jaco van der Walt – AGL Verkenners (072 312 7722 - jaco.vn.dr.walt@gmail.com)
Dirk van den Berg – AGL Volwassesake (082 418 9467 - Dirk@helpendehand.co.za)
Charene Agenbach – AGSD (0828349971 - transvaal.staatmakers@gmail.com)

Wat ‘n Pragtige dag
Na ‘n wonderlike nag.
Vader, skenk my tog die krag
Om alles te kan vermag
Wat hierdie nuwe dag van my verwag.
Skenk my geduld as ek vir iemand wag
En as ek wil kwaad raak, hou my stemtoon sag.
Leer my om liewer vir myself as vir ander te lag,
Maar ‘n glimlag te deel eerder as om vir een te wag.
Maak my elke sekonde bewus van die skepping se prag
En laat my nooit twyfel aan U Mag.
Amen